**Saterdag 1 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:1- 5**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:2**
**Die Heilige Gees as Skepper en Herskepper**

Die werk van God is trinitaries, wat beteken dat geen werk net deur een Persoon gedoen word nie. Saam met die Vader en die Seun het die Heilige Gees aan die skepping en die onderhouding, asook aan die algemene genade en algemene openbaring deel gehad en nog steeds deel.

Die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is betrokke by die werk van die skepping. God is die Skepper van hemel en aarde (Gen. 1:1). God het alles geskep deur sy Seun, deur die Woord (Joh. 1:1-3; Heb. 1:2). Maar by dit alles tree die Heilige Gees op ’n besondere wyse op die voorgrond. Wat doen die Gees? Hy bring alles tot lewe (Gen. 1:2; Job 33:4; Ps. 33:6).

Ook in die herskepping van die mens met die daad van die wedergeboorte bring die Heilige Gees nuwe lewe. Alles wat lewe en beweeg, is tot lewe gebring deur die werking van die Heilige Gees (Eseg. 37:9; Joh.3:8). Waar harte oopgaan voor die Here, waar dooie sondaars lewend word, waar mense tot geloof in Christus kom, is dit deur die werking van die Heilige Gees. Die saad wat ontkiem in die grond, die rose in u tuin, u kind wat voor in die kerk sy/haar geloof bely, is net deur die heilige en salige werking van die Heilige Gees. Wat ons wel duidelik moet stel, is dat alle lewe van die Gees af kom, maar nie alle lewe is die Gees nie.

Maar daar is nog meer. Die Heilige Gees verfraai en versier ook die lewe. Ons sien dit by die bou van die tabernakel (Eks. 31:2-4) en die tempel. Die Gees wat lewe skep, bring ook dit wat Hy geskep het tot volle ontwikkeling en ontplooiing. Hy maak bekwaam en Hy rus toe.

Dat die wêreld na die sondeval nie verwerp is nie, is net genade en net deur God se lankmoedigheid. Deur die onderhouding van die skepping regeer die Gees die skepping om die skepping so te lei na sy bestemming, die nuwe hemel en die nuwe aarde. Dit is waaraan ons as gelowiges deel gaan hê en daarna verlang ons elke dag.

*Sing: Psalm 104-1:17, 18*
*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*